

Woensdag 8 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-27

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:13

Leef met die Gees

Wie is kinders van God? Is dit net die Jode ... of Afrikaners ... of verdruktes en armes? Paulus gee 'n duidelike antwoord:

- Dié wat die Heilige Gees ontvang het.
- Hulle is deel van die een liggaam van Christus, 'n liggaam met die Gees deurdrenk.

Ons wil so graag mense in verskillende groepe verdeel. In die liggaam van Christus bestaan hierdie verskille nie. Die belangrikste is die een Gees wat in ons woon en ons as liggaam van Christus saambind.

So word die menslik onmoontlike waar, deurdat Jood en Griek, slaaf en vryman, tot 'n eenheid saamgevoeg word, waar elke lid sy bydrae tot nut van die hele liggaam moet lewer ...

- Jy is nou die oog in die liggaam wat die eensame moet raaksien ...
- en die oor wat die noodsgte hoor ...
- en die lippe wat vertrous en vermaan ...
- en die hand wat die gevallene ophelp.

Dit is wat ons met die uitstorting van die Heilige Gees ontvang het. Die Gees het die lewe van die gelowiges deurtrek en beheers ons hele lewe. Dit bring in ons dankbaarheid, dankbaarheid wat uitkom in:

- die oorgawe in alles aan God, want die Heilige Gees verseker jou dat jy in Christus kind van God is ...
- die blydskap dat jy saam met ander in God se Koninkryk kan dien ...
- die vrymoedigheid om oral God se Woord uit te leef en uit te dra ...
- die toewyding om werklik die grote God te eer en loof.

Wat is jou bydrae vandag in Christus se liggaam?

Sing: Psalm 96:1, 5 (1936)

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)